

5

VRIENDE

My vriende – ek moet hulle reg kies

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die ouers moet saam met hul kinders daarna streef om ware vriende te hê wat vir hulle omgee.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders en die ouers moet weet wat ware vriendskap behels.

Gesindheid

- Die ouers moet bereid wees om hul kinders te ondersteun met die manier waarop hulle vriende kies.
- Die kinders moet vrymoedigheid hê om met hul ouers oor hul vriende te praat.

Vaardigheid

Die kinders moet die eienskappe van ware vriendskap met hul ouers kan bespreek.

MEER INLIGTING (Johannes 15: 9-17)

Vriende is mense wat ons verstaan, van ons hou, bereid is om vir ons op te offer en ons aanvaar net soos ons is. Die Here gun dit vir ons om sulke mense in ons lewe te hê en om hul vriendskap te geniet.

In die Bybelse tye kon 'n mens nie sommer met enigiemand vriende wees nie. Mense het vriende gemaak met ander wat dieselfde status as hulle gehad het, dus mense wat net so belangrik soos hulleself was.

In die Nuwe Testament gebruik die skrywers verskillende titels om te verduidelik wie Jesus is. Hulle noem Hom profeet, priester en koning. Daarmee beskryf hulle Jesus se waardigheid en goddelikheid. Met die titels wil hulle sê dat Jesus 'n baie besondere mens was. Dit kan die indruk skep dat daar groot afstand tussen Hom en ons is.

Ons weet dat dit nie die bedoeling van die skrywers van die Nuwe Testament was nie. Hulle vertel juis dat hierdie profeet maar net die seun van 'n gewone skryner was. Jesus, die priester van God, is verneder deur die owerhede wat Hom aan 'n kruis op Golgota vasgespyker het. Die priester wat moes offer, word toe self die Offerlam. Jesus, die koning, kry nie 'n regte koningskroon nie, maar 'n doringkroon vol bloed. Jesus dra die titels van belangrike mense uit die Ou Testament, maar in sy manier van lewe kry dit eerder die betekenis van geringheid, selfs van verag wees. Hy staan nie verhewe bo ons nie. Hy kom staan by ons. Hy staan in ons plek. Hy dra die straf op ons sonde.

Om seker te maak dat ons dit sal verstaan, noem Jesus Homself ons vriend. Dit is nie 'n titel nie. Dit skep nie afstand tussen ons en Hom nie. In Johannes 15: 15 sê Hy: *Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie, want 'n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het.* Nou is God nie meer net Here en Vader nie, maar ook Vriend. In die liefde wat Jesus vir ons kom wys, verklaar Hy dat God nie meer onbereikbaar ver is nie. Hy het ons lief en wil in 'n vriendskapsverhouding met ons staan.

Hy vra dat ons ander mense op dieselfde manier sal behandel. Ons moenie hoogmoedig wees nie. Soos Hy, moet ons liefde en respek hê vir alle mense. As ons in gedagte hou dat die Here alle mense ewe liefhet, behoort ons hulle net so lief te kry soos die Here vir hulle lief is. Wanneer jy vriende maak, moet jy nie dat jou belange voorop staan nie. Bly nederig en gee van jouself. Vriendskap is nie om belangrike mense uit te soek as vriende sodat jy ook belangrik kan wees nie. Vriendskap is 'n persoonlike verhouding met iemand wat jou verstaan en vir wie jy probeer verstaan, wat van jou hou en van wie jy hou, vir wie jy bereid is om op te offer en vir wie jy aanvaar net soos hy of sy is. In 'n vriendskap het jou vriend jou nodig net soos hy of sy is. 'n Vriend is iemand wat getrou is aan jul vriendskap en wat op jou kan vertrou. Wees 'n goeie vriend en jy sal goeie vriende hê.

Kies jou vriende reg, soos Jesus dit gedoen het. Kies iemand wat jou nie anders wil maak as wat jy is nie. As jy 'n vriend vind in wie se lewe jy iets van Jesus se liefde kan raaksien, is jy baie gelukkig. Kies vriende met dieselfde ingesteldheid as Jesus. Hy het nie op ander neergesien nie. Hy het nie net die rykstes en belangrikstes sy vriende gemaak nie. Die ryk Josef van Arimatea, gewone vissermanne soos die dissipels en vroue soos Marta en Maria was almal sy vriende.

Jou ouers moet altyd jou beste vriende wees. Neem hulle in jou vertrou en vra hulle raad wanneer jy onseker voel oor iemand se opregte vriendskap. Hulle is vir jou baie lief en sal net die beste vir jou kies.

AANBIEDING

Jy het nodig

- A2-papier met al die vrugte van die Gees groot daarop geskryf (sien Galasiërs 5: 22 en 23a).
- 'n Kleurpotlood vir elke kind.

KOM ONS BEGIN

Een van die kinders of ouers met wie vooraf gereël is, kry geleentheid om met 'n gebed te open.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat enkele kinders vertel wat hul ouers se kommentaar was oor hoe ons met God kommunikeer. (Verduidelik weer dat kommunikasie beteken om met mekaar te praat en by mekaar te kuier. God praat met ons deur die Bybel en ons praat met Hom as ons bid.)
- Vind uit of hulle besluit het om aan die Here gehoorsaam te wees. Laat enkele vertel hoe hulle dit gaan doen.
- Kontroleer of hulle die volgende teks en feite ken:
 - *In jou sal alle volke geseën wees (Genesis 12: 3b).*
 - *Wat wil God graag hê dat ons moet doen? (Dat ons na Hom sal luister en met Hom sal praat.)*
 - *Hoe praat God met ons en hoe praat ons met Hom? (Ons "hoor sy stem" uit die Bybel en Hy hoor as ons bid, sing en belydenis doen.)*
 - *Wanneer is ons gehoorsaam aan God? (Ons is gehoorsaam as ons die regte en goeie dinge doen wat Hy ons leer.)*
 - *Wanneer kan ons op die Here vertrou? (Ons kan in nuwe en moeilike omstandighede altyd op die Here vertrou.)*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Vra vir enkele kinders om die belangrikste karaktertrek van sy of haar beste vriend te noem. (Voorbeelde: *eerlik, getrou, liefdevol, ensovoorts.*)

IETS INTERESSANT

Maak 'n deeglike opsomming van die kernfeite uit MEER INLIGTING hierbo en dra dit aan die kinders oor.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by hulle in:

- Die Here gun ons om vriendskappe te geniet.
- Ons ingesteldheid teenoor ons vriende leer ons by Jesus.
- Vriendskap vra liefde, vertrou en integriteit. (Verduidelik elkeen van hierdie begrippe.)
- Kies vriende wat dieselfde ingesteldheid as Jesus het.
- Jou ouers gee vir jou om en moet jou beste vriende wees. Vra altyd hul opinie en leiding oor jou vriende.


IETS OM TE DOEN

- Laat hulle die volgende doen:
 - Die onderskeie gesinne gaan sit bymekaar.
 - Elke gesin soek Galasiërs 5: 22 op en gesels oor watter vrugte van die Gees vir elke

gesinslid belangrik is. (Die vrugte van die Heilige Gees is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, nederigheid, getrouheid en selfbeheersing.)


- Laat hulle eienskappe identifiseer en bespreek wat vir elkeen in die gesin belangrik is in die keuse van vriende. Hulle gebruik die grafiek in die kind se boek as riglyn, maar merk of skryf nog niks neer nie. Ander eienskappe mag wel van bo na onder bygeskryf word.
- Laat hulle die grafieke in die kind se boek soos volg voltooi:
 - Hulle gebruik **GRAFIEK 1** en kleur die hele blokkie in van dié eienskappe wat hulle dink Jesus gehad het. Hulle probeer om voorbeelde uit Jesus se lewe te noem.
 - Verduidelik nadat hulle met hierdie grafiek klaar is, dat hulle al die blokkies moes inkleur, want Jesus kry 100% vir die uitleef van die vrug van die Gees. Hy was die perfekte voorbeeld waarna ons almal kan streef.

GRAFIEK 1



- Laat elke gesin besluit watter persentasie hulle as gesin vir hulleself toeken vir die uitleef van elkeen van die vrugte van die Gees.
- Laat hulle dit afmerk op **GRAFIEK 2** en dit inkleur tot by die merk.

GRAFIEK 2




BY DIE HUIS

Doen

- Laat elke gesin tuis saam met hul kind besluit watter persentasie hulle aan 'n spesiale vriend van hul kind toeken vir die uitleef van elkeen van die vrugte van die Gees.
- Laat hulle dit afmerk op **GRAFIEK 3** en dit inkleur tot by die merk.
- Nadat hulle die grafiek ingekleur het, vergelyk hulle dit met **GRAFIEK 2** oor hulle as gesin. Hulle kyk dan of die vriend oor die eienskappe beskik wat ook vir hulself belangrik is. Help mekaar dan om te besluit of hierdie vriend 'n goeie vriend is.
- Op dieselfde manier kan enigeen in die gesin in die toekoms 'n vriend evalueer.

GRAFIEK 3



Leer

- Laat hulle die volgende teks gaan memoriseer:

Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. (Johannes 15: 12)

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 532: 3 as gebed.

*Leer ons mekaar vergewe, mekaar vertrou.
Laat ons die hele lewe op liefde bou.
Laat heers oor ons u vrede, en bind ons saam.
Verhoor tog ons gebede in Jesus Naam.
Amen.*